

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 Maart 2019 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 12:1, 2 (p. 50)

- 1 Red, red, en hoor, o HEER, / geen vrome is daar meer;
getrouheid, in die land reeds klein, / het nou daaruit verdwyn.
- 2 Die mens spreek onopreg, / 'n woord met leu'ns deurvleg;
die taal wat van hul lippe gly, / is enkel vleierey.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 19:6, 7 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Psalm 34:4, 6 (p. 167)

- 4 Gods sterke Engel wil / 'n laer van beskutting wees
om almal wat die HERE vrees. / Hy maak hul onrus stil.
Ervaar dan en aanskou / hoe waaksaam God is en hoe goed.
Hoe salig is 't in my gemoed / as ek op Hom vertrou!
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Skriflesing: Rigters 11:12-40

Kernverse: Rigters 11:35-36

En net toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: Ag, my dogter, jy druk my heeltemal neer, en jy stort my in die ongeluk! Want ek het my mond geopen teenoor die HERE, en ek kan nie terugtrek nie. En sy antwoord hom: My vader, as u u mond geopen het teenoor die HERE, maak met my soos uit u mond uitgegaan het nadat die HERE u volkome wraak verskaf het op u vyande, op die kinders van Ammon.
(Rigters 11:35-36 AFR53)

Tema: Hoe belangrik is woorde – die Woord van die Here en jou woorde

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Here het aan die mens 'n wonderlike gawe gegee om met Hom en met mekaar te kan kommunikeer. Hierdie kommunikasie kan op verskeie maniere gebeur. Een daarvan is om met woorde wat jy skryf of woorde wat jy praat met iemand te kan kommunikeer. In sy Woord het die Here ook heelwat te sê oor die woorde wat mense praat – daar is aansporings om woorde te praat wat tot opbou is van ander mense en daar is waarskuwings oor hoe en wat 'n mens sê.

In die brief wat Jakobus geskryf het, kry ons die baie bekende hoofstuk oor die tong van die mens wat so maklik groot moeilikheid kan veroorsaak. Alle mense trap een of ander tyd in hulle lewe in die strik om iets te sê waaroor hulle later spyt is. Dikwels is dit nie wat jy gesê het nie, maar die stemtoon waarmee jy dit gesê het, wat iemand anders seermaak. En om 'n verhouding wat skade gely het as gevolg van woorde wat gesê is, wat soms lank om weer te herstel. Woorde wat gesê is, kan nie teruggetrek word nie, hoe graag 'n mens dit ook al wil terugtrek.

Broers, susters en kinders, in Rigters 10 en 11 hoor ons baie woorde wat gesê is. En elke keer wat daar gepraat is, het daar iets gebeur as gevolg van die woorde wat gesê is. In Rigters 10 het ons die gesprek tussen die Here en Israel. Israel het teenoor die Here erken dat hulle gesondig het. Daarop het die Here hulle ernstig vermaan omdat hulle al so baie kere van die Here af weggedraai het nadat Hy hulle gered het. Hierdie vermaning van die Here het daartoe gelei dat Israel 'n waardige poging aangewend het om hulle van die afgodery te bekeer en die Here te dien.

In Rigters 11 ontmoet ons vir Jefta en hy praat ook. Die eerste keer het hy met die mense van Gilead gepraat omdat hulle sy hulp kom vra het teen die Ammoniete. Nadat hy hulle ook vermaan het oor die onreg wat hom vroeër aangedoen is, het hulle gesê dat hy die leier van al die mense van Gilead sal wees en nie net die aanvoerder vir die oorlog nie. Oor hierdie woorde het Jefta hulle herinner dat die Here getuie is van wat hulle gesê het.

Die tweede keer wat Jefta praat, is wanneer hy 'n diplomatieuse oplossing soek vir die dreigende oorlog. In sy onderhandelinge met die koning van Ammon kry 'n mens respek vir Jefta. Hy is nie 'n heethoof wat sommer in 'n oorlog instorm nie. Daarby is hy ook iemand wat die geskiedenis van die Here met sy volk goed ken. In sy onderhandelinge noem hy die feite van God se handelinge met sy volk wat aantoon dat die Ammoniete verkeerd optree teenoor Israel. Ongelukkig kon hierdie woorde van Jefta nie die oorlog keer nie, want die koning van Ammon het nie na die woorde van Jefta geluister nie.

Ons leer Jefta ken as 'n man wat sy woord goed kan doen, maar hy is ook 'n dapper held. So het die Here hom aan die begin van ons hoofstuk aan ons voorgestel. Omdat die

koning van Ammon geweier het om na die woorde van Jefta te luister, het hy in werklikheid oorlog teen Israel verklaar. En die Here het sy Gees op Jefta laat kom, want die Here het on-geduldig geword oor die moeite van Israel. Toe die Gees op Jefta gekom het, het die Here direk vir Jefta as die rigter aangewys om sy volk van die verdrukking van die Ammoniete te verlos.

Dit is die derde keer dat die Here so deur sy Gees die rigter vir sy volk direk aanwys. Die eerste keer was toe die Gees van die Here op Otniël die eerste rigter gekom het. En deur die krag van die Gees het Otniël sonder baie moeite die koning van Mesopotamië oorwin, want die Here het hom in Otniël se hand oorgegee. Die tweede keer was toe die Gees van die Here op Gideon gekom het. Deur die krag van die Heilige Gees het Gideon die moed gekry om die manskappe op te roep en uiteindelik met drie honderd man die kamp van die Midianiete te omsingel en te sien hoe die Here die Midianiete in sy hand oorgee.

Daar is egter 'n verskil tussen Otniël en Gideon se optrede wanneer die Gees op elkeen van hulle gekom het. Toe die Gees op Otniël gekom het, het hy sonder huiwering gegaan en gedoen wat hy as rigter veronderstel was om te doen. Met hierdie optrede van Otniël wys die Here vir Israel en vir ons, wanneer die Gees op jou kom, is dit nie meer nodig om te huiwer of te twyfel nie. Deur die krag van die Heilige Gees sal gebeur wat die Here belowe het – daar sal verlossing kom.

Maar Gideon het al heelwat later geleef as die mense wat nog vir Josua geken het. En hoe verder dit in die tyd van die rigters gegaan het, hoe minder het die Israëliete die Here geken en geweet van die groot dade wat Hy vir Israel gedoen het (Rig 2:10). Ons het ook al agter-gekem dat mense nie die waardevolle lesse uit die geskiedenis leer en onthou nie.

Toe die Gees van die Here op Gideon gekom het, het hy moedig die ramshoring geblaas en die manskappe opgeroep. Maar selfs nadat Gideon gesien het wat gebeur wanneer hy gehoorsaam aan die Heilige Gees optree, het hy steeds gewyfel en vir die Here gesê:

As U werklik deur my hand Israel wil verlos soos U gespreek het – ek sal die wolvlies op die dorsvloer neerlê: as daar net op die vlies dou is, terwyl die grond oral droog is, dan sal ek weet dat U deur my hand Israel wil verlos soos U gespreek het. (Rigters 6:36-37 AFR53)

Wanneer 'n mens die Here al swakker ken en nie meer weet van die groot dade van die Here in die verlede nie, is 'n mens geneig om nie sommer die Here te glo en te vertrou nie. Gideon wou nog eers tekens hê om nog sekerder te wees dat die Here se woorde waarheid is.

En nou – na meer as veertig jaar na Gideon – het die Gees van die Here ook op Jefta gekom. Miskien sal hy anders as Gideon optree – meer soos Otniël wees. Jefta weet darem wat die Here drie honderd jaar gelede gedoen het toe Hy die gebied van die Amoriete aan Israel gegee het. Sal hy nog onthou hoe Otniël dadelik gedoen het wat 'n rigter veronderstel is om te doen omdat die Gees van die Here op hom gekom het? Of het hy dit ook nie meer geweet nie? Sal hy die Here sonder huiwering vertrou dat Hy regtig die Ammoniete in sy hand sal oorgee?

Luister 'n mens aandagtig van vers 30 af lyk dit of Jefta meer soos Gideon maak as soos Otniël. Jefta het 'n gelofte aan die Here gemaak. En luister net hoe hy dit sê:

As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee, dan sal wat uitkom, wat uit die deure van my huis uitkom my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan die HERE behoort, en ek sal dit as 'n brandoffer bring. (Rigters 11:30-31 AFR53)

Dit blyk dat Jefta ook nie die Here se woord sommer net so aanvaar en die Here vertrou het nie. Die Here het sy Gees op Jefta laat kom omdat die Here dit wil doen en nie omdat Hy dit moet doen nie. Maar nou wil Jefta die Here vergoed met die gelofte wat hy maak in plaas daarvan om net gehoorsaam te doen wat die Here van hom verwag. Dit lyk so asof Jefta sy verhouding met die Here hanteer soos wat hy sy verhouding met mense hanteer – jy onderhandel oor alles. Met die Here onderhandel 'n mens nie. Wat die Here vir die mens doen, doen Hy uit sy genade en liefde vir die mens wat glad nie sy liefde verdien nie. Die beste antwoord op die Here se werk in en aan 'n mens, is om die Here te gehoorsaam soos wat Hy in sy Woord aan ons bekend maak. Ek het nie nodig om die Here aan sy Woord te hou wanneer Hy 'n belofte maak nie. Hy bly altyd getrou aan sy Woord.

Hierdie gelofte wat Jefta gemaak het, spreek dus nie van geloof nie, maar eerder van vertwyfeling. Dit spreek ook nie van moed nie, maar eerder dat hy in beheer wil bly soos wat hy met die mense van Gilead en die koning van Ammon in beheer was. Jesus het 'n dissipel gehad wat ook gedink het hy kan so in beheer bly van omstandighede. Petrus het 'n groot mond gehad en gesê dat hy nie soos die ander dissipels Jesus in die steek sal laat nie.

En ons ken daardie droewige geskiedenis van Petrus. Selfs nadat Jesus hom gewaarsku het oor die komende versoeking het hy volgehou dat hy selfs bereid is om saam met Jesus die dood in te gaan. Ja, en einde ten laaste was hy nie regtig bereid om tóé al saam met Jesus die dood in te gaan nie. Hy het Jesus drie maal verloën omdat hy ook nie altyd ver-sigtig genoeg met sy tong was nie.

Wanneer Jefta die gelofte aan die Here maak, praat hy ook een maal te veel en te vinnig. Jefta wat so graag in beheer wou wees, kon nie beheer wie hom uit sy huis sou tegemoet kom nie. Net die Here self is in beheer en Hy het beskik dat Jefta se dogter, sy enigste kind, hom by sy terugkoms eerste ontmoet.

In ons kernverse hoor ons Jefta se droefheid.

En net toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: Ag, my dogter, jy druk my heelte-mal neer, en jy stort my in die ongeluk! Want ek het my mond geopen teenoor die HERE, en ek kan nie terugtrek nie. (Rigters 11:35 AFR53)

Jefta het te laat besef dat hy een maal te veel en te vinnig gepraat het. En sy dogter antwoord op Jefta se klaaglied en sê:

My vader, as u u mond geopen het teenoor die HERE, maak met my soos uit u mond uitgegaan het nadat die HERE u volkome wraak verskaf het op u vyande, op die kinders van Ammon. (Rigters 11:36 AFR53)

Die brandende vraag in baie mense se gemoed is: Het Jefta regtig sy dogter as brandoffer aan die Here geoffer? Ooreenkomstig hoe ons nog altyd die Skrif verklaar, lyk dit vir my dat hy dit wel gedoen het. Daar is egter gerespekteerde Skrifverklaarders wat van oordeel is dat Jefta se dogter by die heiligdom haar lewe lank diens gedoen het en uiteindelik as 'n maagd gesterf het. Hieroor kan daar verseker lang gesprekke gevoer word en baie boeke geskryf word. Maar uiteindelik moet ons onself afvra: Wat leer die Here ons in hierdie geskiedenis wat ook vir ons in die een en twintigste eeu in Bellville van toepassing is?

In die dae van Jefta was dit nie net die Here en Jefta self wie se stemme gehoor is nie. Daar was baie ander stemme ook in die omtrek. Daar was die stemme van die sogenaamde gode van die volke rondom Israel wat dikwels die Israeliete verlei het tot afgodery en opstand teen die Here. Onthou, Israel het die baie gode van die heidene

aanbid, nie omdat die beeldjies van die afgode so mooi was nie, maar oor die mooi beloftetjies wat hierdie afgode kamtig gemaak het. En tussen al die geraas moet 'n mens die Here se stem kan onderskei. Maar dan moet 'n mens ook mooi luister wat die Here sê en nie sommer een ding gryp en daarmee op loop sit nie.

Wat prysenswaardig van Jefta is, is kennis van die Here se werk in die verlede, sy vertroue in die Here en dat hy tog getrou bly aan sy woord aan die Here. Alhoewel Jefta die feite van die Here se werk in die geskiedenis onthou het, is daar twee keer woorde van die Here wat hy nie onthou het of mooi gehoor het nie. Die eerste woorde van die Here wat hy nie gehoorsaam het nie, was die Here se verbod om mense aan Hom te offer. Die Here het nie net een maal nie maar baie keer in die dae van Moses al gesê dat niemand sy kind mag offer nie (Lev 18:21; Deut 12:31; 18:10).

Die ander woorde van die Here waarvan Jefta vergeet het, of nie mooi gehoor het nie, was 'n genadewoord van die Here. In sy alwetendheid het die Here geweet dat sy mense ondeurdagte geloftes aan Hom sal maak wat hulle nie sal kan nakom nie. As iemand te vinnig sy kind in 'n gelofte aan die Here gewy het en hy kon nie volhou met die gelofte nie, het die Here bepaal dat die kind by die Here losgekoop kan word vir 'n bedrag geld. So kan die gelofte gehou word, maar die kind se lewe gespaar word. Dit staan duidelik geskryf in Levitikus 27:1-8.

Die woorde van die Here waaraan Jefta volhardend gehoorsaam gebly het, was dat hy sy belofte aan die Here nie verbreek het nie. Hy het daaraan vasgehou dat as jy 'n belofte aan die Here maak, moet jy dit nakom en jy mag dit nie verbreek nie. Jefta het aan hierdie woorde gehoorsaam gebly, terwyl hy ander meer basiese woorde van die Here verontagsaam het – hy het sy dogter doodgemaak.

Die Here leer ons om nie net na sekere woorde van Hom te luister en die ander maar te ignoreer nie. Die Here is ons genadig en het sy hele geopenbaarde Woord op Skrif gegee. Laat ons nie net die lieflinggedeeltes lees nie, maar laat ons die hele Woord en die hele Raad van God bestudeer. Daarby is die Here sy gelowiges genadig, want Hy het aan hulle die Outeur van sy Woord gegee – die Heilige Gees – en dit is Hy alleen wat jou verstand kan verhelder om die Woord van die Here te lees en te verstaan.

Maar waarin trek alles saam? Dit trek alles in die laaste en helderste Woord van God saam – die Woord wat vlees geword het – Jesus Christus. Dit is slegs deur die verlossings-werk van Christus dat dit vir ons moontlik geword het om weer die stem van God te kan hoor. Dit is in die skaduwee van die kruis dat ons genade kan ontvang om te hoor, maar ook om ons te bekeer en verlossing te vind.

Aan Petrus het Christus die geleentheid geskenk om sy skuld te bely oor sy vinnige en ondeurdagte woorde. En Christus het hom in sy amp as apostel herstel en die Here het hom verder in sy koninkryk gebruik. Alhoewel dit nie direk gesê word nie, kan ons aflei dat die Here ook aan Jefta die geleentheid geskenk het om tot bekering te kom oor hierdie ondeurdagte woorde van hom. In die Seun van God is sy skuld ook afgewas sodat sy naam in die galery van geloofshelde opgeneem is.

Hiermee roep die Heilige Gees my en jou ook op. As jy 'n ondeurdagte woord gespreek het, is dit nie die einde van alles nie. Bely jou skuld en smee die Here om vergifnis. Hy bly getrou aan al sy beloftes.

Amen!

Slotgebed

Psalm 12:6, 7 (p. 50)

- 6 Die woorde van die HEER / is rein, gelouterd meer
as allersuiwerste metaal, / gereinig sewe maal.
- 7 Die HEER sal in gevaar / sy volk altyd bewaar;
as lis en laagheid triomfeer / dan waak en sorg die HEER.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 84:2, 6 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontroou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Maart 2019